ORANIA LANDBOUVERENIGING

Tel: 073 104 9649

Epos: navrae@oranialandbou.co.za

VERSLAG

VAN DIE

ORANIA VOEDSELVERBRUIKERS

OPNAME

FEBRUARIE 2021

1 INHOUD

1 INHOUD 3
2 INLEIDING 4
3 SAMESTELLING VAN ITEMS 5
4 RESULTATE 6
5 KOMMENTAAR 8

2 INLEIDING

Die Orania Landbouvereniging (OLV) beywer homself daartoe om Orania gemeenskapsinstellings, entrepreneurs & individue te ondersteun en te versterk wat direk of indirek ‘n belang het, of daarin wil ontwikkel, in die landbou - & veeteelt waardetting tot by, en insluitend, die eindverbruiker.

Om die OLV se doelstellings holisties saam te vat, sal die kern daarin lê om ‘n gemeenskap te help vestig wat kan roem op voedselsekerheid in sy onmiddelike omgewing.

Sedert April 2020 versamel, verwerk en berg die OLV data vanuit die Orania gemeenskap om voedselbeskikbaarheid & voedselinflasie te volg en so aan ons gemeenskap deur te gee, o.a. deur die Orania Voedselmandjie.

Die Orania Voedselverbruikers Opname wat in Januarie 2021 afgeskop het en einde Februarie 2021 voltooi is fokus daarop om:

1. die kwantiteit van verkose voedsel items te bepaal wat Oraniërs verbruik, ***maar wat spesifiek reeds op die kort- & mediumtermyn deur Oraniërs self verbou en verwerk kan word***.

2. te bepaal hoeveel van hierdie verkose voedsel items in Orania aangekoop by ons eie ondernemings.

Vir die OLV is dit belangrik om die rou data van verskeie en soortgelyke opnames in bruikbare inligting te omskep wat die gemeenskap & entrepreneurs sal mobiliseer om geleenthede te identifiseer en te implementeer. Daarvoor is bruikbare inligting vir ingeligte besluitneming krities.

Dit is die OLV se wens dat hierdie projekte, en dié wat daarop gaan volg, vir die Orania gemeenskap in die kort-, medium- & langtermyn van groot waarde sal wees.

Graag wil die OLV elke lid van die Vereniging, deelnemers aan die opname en die groot verskeidenheid belanghebbendes in die Landbousektor van Orania bedank vir hul ondersteuning in ons werk en die implementering van ons doelstellings.

Gerhard Kotzé

Voorsitter

3 SAMESTELLING VAN ITEMS

Om die samestelling van die voedsel verbruikerslys te bepaal moes verskeie siftingsprosesse afgehandel word:

1) Die 200 top verbruikers items in Orania is bepaal.
2) Alle voedsel items is vanuit hierdie top 200 items identifiseer en onttrek.
3) Vanuit punt 2 is voedsel items identifiseer wat binne Orania deur die gemeenskap produseer en verwerk kan word (*Primêre items*).
4) Bepaal hoeveel van hierdie voedsel items tans vanaf Orania ondernemings aangekoop word om geleenthede te identifiseer vir landbouers en entrepreneurs.

NOTA:

Verskeie vrugte items wat wesenlike verbruik toon, word as sekondêre voedselitems afsonderlik aangemeld, aangesien dit nie moontlik in die Orania omgewing sal aard vir produksie doeleindes nie (*Sekondêre items*).

4 RESULTATE

ORANIA GEMIDDELDE VOEDSELVERBRUIK PER MAAND

Primêre Items

Vleis	Oraniers Verbruik (KG)	Aankope Binne Orania (%)
Hoenderporsies	2176	27,6
Maalvleis (Enige)	2095	16,7
Wors (Enige)	1491	40,9
Beesvleis snitte	1370	43,1
Skaapvleis snitte	1289	59,7
Wildsvleis (Enige)	967	4,1
Biltong & Droeëwors	766	74,5
Varkvleis snitte	610	99,0

Vrugte (KG)	Oraniers Verbruik (KG)	Aankope Binne Orania (%)
Sitrus Vrugte (Enige)	1209	18,2
Pynappel	363	46,9

Groente (KG)	Oraniers Verbruik (KG)	Aankope Binne Orania (%)
Aartappels	2660	46,6
Uie (Enige)	2015	39,7
Tamatie (Enige)	2015	13,4
Wortels	1894	31,7
Komkommer	1451	9,0
Verpakte Gemengde Groente (Gevries)	1370	40,9
Spinasie	1289	5,4
Botterskorsies	1169	11,1
Blaarslaai	1088	14,7
Blomkool	1088	14,7
Boontjies (Enige)	1048	3,8
Mielies	887	9,0
Broccoli	887	3,4
Boerpampoene	725	6,9
Kop Kool	645	17,1
Patats	524	43,9
Lemoenpampoene	524	49,6
Beet	524	13,4

Suiwel	Oraniers Verbruik (KG)	Aankope Binne Orania (%)
Kaas	1894	21,6

Suiwel	Oraniers Verbruik (Liter)	Aankope Binne Orania (%)
Melk	11686	15,0
Room	806	28,5

Eiers	Oraniers Verbruik (Dosyn)	Aankope Binne Orania (%)
Eiers	1733	98,1

Suiwel	Oraniers Verbruik (Eenhede)	Aankope Binne Orania (%)
Botter	1128	66,5

Stysel / Gebak	Oraniers Verbruik (Eenhede)	Aankope Binne Orania (%)
Wit Brood	3385	62,9
Bruin Brood	3022	56,3

Sekondêre Items

Vrugte	Oraniers Verbruik (KG)	Aankope Binne Orania (%)
Piesang	1773	20,3
Appels	1209	10,8
Avokado	1128	16,0
Pere	484	31,0

** Aangesien hierdie data nie 100% verifieërbaar is nie, aanvaar die OLV dat, vanuit data ontvang tussen Orania voedselhandelaars en Orania verbruikers, 'n koëffisiënt van variasie (KV) van tenminste 15% kan geld.*

KV <10	BAIE GOED
KV 10 - 20	GOED
KV 20 – 30	AANVAARBAAR
KV >30	NIE-AANVAARBAAR

5 KOMMENTAAR

Die OLV tree nie voorskriftelik op nie, maar het wel ten doel om inligting na die gemeenskap te bring waaruit individue, entrepreneurs en die verbruiker self geleenthede kan identifiseer.

Vanuit die bogemelde syfers lewer die OLV wel die volgende kommentaar:

- Die OLV is van mening dat daar geleenthede vir entrepreneurs en kleinskaal produsente bestaan om varsprodukte vir Orania te produseer.
- Die OLV is van mening dat geleentheid bestaan vir ‘n algemene verwerkingsaanleg vir varsprodukte en vleis.
- Die OLV is van mening dat die oprig van slagpale en die moontlike operasionele- & regulatoriese kostes daaraan verbonde op hierdie stadium nog nie winsgewend mag wees nie.
- Die OLV rig graag die aandag van belanghebbendes op die groot persentasie voedselaankope wat deur Oraniërs buite Orania plaasvind; of Oraniërs is wat reeds selfvoorsienend is in van hul voedsel behoeftes en voorkeur.
- Die OLV is van mening dat daar winsgewende geleentheid vir die pluimvee industrie is vir beide hoendervleis- en eierproduksie.
- Die OLV is van mening dat daar winsgewende geleenthede vir die suiwel industrie is vir melk, room, kaas & botter.
- Die OLV is van mening dat wildsvleis ‘n bekostigbare alternatief bied vir Oraniërs.